## Die Essensie van Neo-Spektrum:

Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

### KONTAKBESONDERHEDE


Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** Almal se insette welkom


**ACIM Donderdagaande 7pm @ Kolping**
**Geskiedenis van die Bybel: 5 Oktober 9am**
**Barnyard: 'We are the Champions" 12 Oktober 8pm**

### BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van

______________________________________________

E-Mail________________________________ Sel______________________

Woonadres

______________________________________________

### ADRES

Vanaf N1 ± 8km tot by sirkel en uit in Koebergweg — tweede straat regs is:
**Biccard Straat (Kolping Centre aan jou regterkant) Durbanville**

| Bankrekening vir bydraes | BAIE DANKIE |
|---|---|
| **FNB: Wysheidsirkel**<br>Takkode: **201-409**<br>Rekening: **551 601 09804** | Ons vra 'n maandelikse bydrae<br>hetsy per koevert of per EFT<br>Groot ASSEBLIEF en DANKIE |



# Neo-Spektrum
## 29 September 2013
## THE POWER OF INTENTION
## "LAAT U KONINKRYK KOM"

## STILTE IN DIE KAPEL
~ Shadowlands — Amethystium ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

Die hemel is U sin, die aarde is ook U sin
die wêreld en alles daarin is deur U geskep.
Die noorde en die suide, U het dit geskep;
Tabor en Hermonberg roep van vreugde oor u Naam.
U arm is sterk, U hand is magtig,
U regterhand is omhoog.
Geregtigheid en regverdigheid
is die fondasie van U troon,
liefde en getrouheid gaan voor U uit.
Geseënd is die volk wat hierdie geluid van blydskap ken.
Hulle wandel in die lig van U aangesig.
In U naam verheug hulle hulself die hele dag,
en deur U getrouheid word hul opgetel;
want U is die glorie van hul sterkte
en deur U guns word ons ramshoring verhef. .

— Psalm 89:12-18 —

**- STILTETYD -**

# THE POWER OF 'HEAVENLY' INTENTION

## A CONDITION OF UTMOST HAPPINESS

[shamajim] — 'Visible heavens where God abode' ...
[oeranos] — 'Seat of order of things eternal and perfect' ...
[Christian Science] — 'A state of thought in which sin is absent and the harmony of divine Mind is manifest' ...
[ACIM] — 'Oneness with God: a correction of the ego-mind that instead of separation there is at|one|ment' ...

==========================================================

*Dit mite rondom 'hemel' — die plek waar God woon; 'n sprokieswêreld as 'n eksistensie van my lewe op aarde; bonatuurlike perfeksie & geluk waar alles volmaak en ewigdurend is; 'n beloning for a life well lived.*

*Die Christen-hemel kom uit die Griekse Drie-Verdieping heelal ... Bo ons is die 'hemel' (Zeus); onder ons is 'hel' (Hades) en in die middel is ons vasgevang op aarde/see/water (Poseidon).*

*Evangelie van Thomas: "Wanneer jy die twee één maak, die innerlike soos die uiterlike en die uiterlike soos die innerlike en dit wat bo is, dieselfde as onder, dan sal julle ingaan [in die Koninkryk van God] ... Ek is die Lig wat bo alles is, Ek is die alles, die alles kom van My en alles behoort aan My. Split jy 'n stuk hout — Ek is daar; lig jy 'n klip, sal jy my daar kry."* ........ *There is no life outside heaven*

'Hemel' is HIER EN NOU — creation knows no OPPOSITE

'Hemel' moet IN my wees voor ek in die hemel kan wees — is a DECISION

'Hemel' word openbaar as 'n MISTERIE — for truth is TRUE and nothing else is true

'Hemel' is nie vir fisiese dood nie maar vir LEWE — RECOGNISE and manifest

'Hemel' is om LIEF TE HÊ ... 'hemel' is liefde, oral waar liefde is, is 'hemel'

'Hemel' is 'n CHRISTUS-BEWUSSYN in ons intensies, gedagtes, en ervaringe

'Hemel' is 'n aanvoelbare TEENWOORDIGHEID VAN GOD in al ons verhoudinge

==========================================================

In hierdie ruimte voel ons U aanwesigheid —
hier is U beide ons Heilige Vader en Helende Moeder.
Help ons om U gesig te sien in elkeen wat ons sien en als waarna ons kyk.
Vul ons met U teenwoordigheid in elke spasie tussen ons sodat ons onsself kan klee met U Goddelike Liefde en Lig.
Draai ons toe met U Heerlikheid want met aanbidding en ontvanklikheid wil ons 'n Blywende Ervaring met U hê.
U — ons lig. U — ons lewe. U — ons liefde.

# GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING

~ HEAVEN — MASTERS OF CHANT ~

## HERINNERING EN SEËNBEDE

EN ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien,
want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan;
en die see was daar nie meer nie,
en ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem,
sien neerdaal van God uit die hemel,
voorberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is,
en ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê:
Kyk, die tabernakel van God is by die mense,
en Hy sal by hulle woon en hulle sal sy volk wees;
en God self sal by hulle wees as hulle God.
En God sal al die trane van hulle oë afvee
en daar sal geen dood of getreur meer wees nie;
of hartseer of pyn nie want die eerste dinge het verbygegaan.
En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut.
En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie woorde is betroubaar en waar.
En Hy het vir my gesê: Dit het gebeur! Ek is die Alfa en die Omega,
die begin en die einde, en ek sal aan die een wat dors is water gee
uit die fontein van die lewe, verniet.
Hy wat dit oorkom (overcome), erf hierdie dinge
en Ek sal sy God wees en hy sal My seun wees.

— Openbaring 21:1-7 (direk vertaal) —

## IN LOVE, ALL IS POSSIBLE

~ DAAR'S 'N PLEK — MATHIJS ROETS ~

*"... en kyk, EK is met julle al die dae tot die voltooiing van die ewigheid"*
(Matteus 28:20)